# 23 *Vrydag*

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 38:12-30**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 38:29**

**Serag – Die buite-egtelike kind wie se nageslag nie verwerp is nie**

Wat 'n hartseer geskiedenis! Ons kry dit ook in ons gemeentes en families – 'n verhouding tussen ongetroude persone wat op 'n swangerskap uitloop. En wat dan van die baba? Moet die ma die kind alleen grootmaak, of 'n "moet-troue", sal ouma kan help – of aanneming? Traumaties in die meeste gevalle.

In Genesis 38 word die sonde van Juda en Tamar nie weggesteek nie. Tog spreek God se genade in die verdere geskiedenis van die nageslag – ja, tot by Jesus Christus! Juda sondig liefdeloos en selfsugtig teenoor sy skoondogter Tamar. Selfs sy seun Onan tree liefdeloos op en verhoed dat Tamar swanger word. Die uitspraak is duidelik: *"Dit was verkeerd in die oë van die Here ..."* (38:9-10). Uit vrees dat sy jongste seun sal sterf, weerhou Juda vir Sela om vir haar 'n nageslag te verwek (38:11, 14).

Tamar sondig weer deur haar as prostituut te vermom en haar skoonpa te verlei. Haar geslepe plan bring swangerskap. 'n Tweeling word gebore, Peres en Serag. Serag is eintlik 'n betekenislose naam, wat net verwys na die rooi garing om sy hand met geboorte. Deur hierdie optrede van Tamar bring die Here tog versoening tussen hulle. Juda erken sy sonde, sy leef daarna kuis.

En Serag, die onwelkome vaderlose kind, se nageslag? In die geslagsregister van Jesus (Matt. 1:3) word Serag en sy tweelingbroer Peres se name genoem. Genade van die Almagtige oor die sondige optrede van Juda en Tamar, dat die kinders se name nie verswyg word wanneer die Seun van God mens word nie.

Wat leer ons hieruit? Sonde word nie verberg nie, maar oopgevlek, sodat daar met God en ander partye versoening kan kom. Buite-egtelike kinders moet nie vanweë ouers se sonde verwerp word nie. Selfs hulle kan in die verbondsgeslag van die Here hulle plek vind.

*Sing: Psalm 25-1:2*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)*